APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## 1.1 DIT WAS 'N LEKKER VAKANSIE!

- Die kandidaat moet 'n **opstel** van 200–250 woorde skryf waarin hy/sy van sy/haar lekker vakansie vertel.
- Die opstel behoort in die verlede tyd geskryf te word.
- Die belangrikste elemente kan die volgende wees:
  - Wanneer hierdie vakansie was;
  - Waar die kandidaat met vakansie was;
  - Wat die kandidaat alles gedoen het; en
  - Waarom hierdie vakansie so lekker was. **[40]**

## 1.2 GELUKKIG WAS DAAR IEMAND OM MY TE HELP

- Die kandidaat moet 'n **opstel** van 200–250 woorde skryf waarin hy/sy vertel hoe daar gelukkig iemand was wat die kandidaat gehelp het toe hy/sy in die moeilikheid was.
- Die opstel behoort in die verlede tyd geskryf te word.
- Die belangrikste elemente kan die volgende wees:
  - In watter moeilike situasie die kandidaat was;
  - Wie die kandidaat gehelp het;
  - Hoe hierdie persoon die kandidaat gehelp het; en
  - Hoe die kandidaat gevoel het nadat die persoon hom/haar gehelp het. **[40]**

## 1.3 DIT IS DIE KLERE WAARVAN EK HOU

- Die kandidaat moet 'n **opstel** van 200–250 woorde skryf waarin hy/sy vertel van die klere waarvan hy/sy hou.
- Hierdie opstel is hoofsaaklik beskrywend van aard en behoort in die teenwoordige tyd geskryf te word.
- Die belangrikste elemente kan die volgende wees:
  - Van watter klere die kandidaat hou;
  - Hoe hierdie klere lyk;
  - Waarom die kandidaat van hierdie klere hou; en
  - Wat die klere van die kandidaat as mens sê. **[40]**

## 1.4 EK WENS ...

- Die kandidaat moet 'n **opstel** van 200–250 woorde skryf waarin hy/sy vertel watter dinge hy/sy wens; binne enige **sinvolle konteks**.
- Die opstel kan in die teenwoordige tyd of toekomende tyd geskryf word.
- Die belangrikste elemente kan die volgende wees:
  - Watter wens(e) die kandidaat het;
  - Waarom die kandidaat hierdie ding(e) wens;
  - Of die kandidaat dink dat sy/haar wens(e) waar kan word; en
  - Hoe die kandidaat sal voel as sy/haar wens(e) wel waar word. **[40]**

## 1.5 – 1.8 PRENTE

- Die kandidaat moet 'n **opstel** van 200–250 woorde skryf.
- Die **opstel** kan verhalend of beskrywend wees.
- Kandidate se eie gepaste interpretasie van prente word aanvaar.
- Die kandidaat moet die opstel 'n titel gee.
- Die kandidaat se opstel moet direk by die prent aansluit.
- Die prent kan beskryf word, of iets uit die kern van die prent kan 'n storie begin.
- Let daarop dat 'n prent ook figuurlik geïnterpreteer kan word. **[40]**

**MOONTLIKE INTERPRETASIES**

1.5 **DRIE JONG MANS HAND OM DIE NEK**
- Letterlik, bv.: Drie vriende; kan vriende/vriendskap beskryf
- Figuurlik, bv.: Die waarde van vriendskap; staan saam deur dik en dun; bande wat hou; die vreugde van jonkwees **[40]**

1.6 **MENSE WAT TOUSTAAN OM WATER TE KRY**
- Letterlik, bv.: Mense se probleme met water; tekort aan water; ongerief om water in die hande te kry; droogte **[40]**
- Figuurlik, bv.: Probleme in Suid-Afrika; korrupsie; mense spaar nie water nie

1.7 **DRIE FIGURE MET INKOPIESAKKE**
- Letterlik, bv.: Inkopies doen
- Figuurlik, bv.: Gesigloosheid; mense is altyd haastig **[40]**

1.8 **EMOJI WIE SE MOND TOEGERITS IS**
- Letterlik, bv.: Kan/mag/wil nie praat/iets sê nie; skinderstories
- Figuurlik, bv.: Vertroulikheid en privaatheid (geheime hou); gevare vir mense as hulle wel oor verkeerde dinge praat **[40]**

## ONTLEDING VAN MOONTLIKE OPSTELTIPES PER VRAAG

- Die vrae is só geformuleer en die prente só gekies dat 'n persoonlike inkleding van die gekose onderwerp/prent van die kandidaat verwag word. Waar VRAAG 1.5–1.8 beantwoord word, moet die opstel met die prent verband hou.
- Die opstel wat geskryf word, kan dus enige een van die twee tipes opstelle wees soos hierbo uiteengesit.

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
22 -05- 2025
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**TOTAAL AFDELING A: 40**

